ECHO OF HIS CALL

EGGO VAN SY ROEP

India's National Spiritual Newspaper — AFRIKAANS ₹ 10/-

Maandeliks uitgegee in ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS

Redakteur: S. SAM SELVA RAJ — In 16 Tale — *Mederedakteur:* Sr. Marietjie Nelson

Vol. XIV **Die Jaar van ons Here Jesus Christus, OCTOBER 2020** **No. 5**

DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

MATTEUS 7:1-8

1. "Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie:
2. met dieselfde oordeel waarmee julle oor ander oordeel, sal oor julle geoordeel word, en met dieselfde maat waarmee julle vir ander meet, sal vir julle gemeet word.
3. Waarom sien jy die splinter raak wat in jou broer se oog is, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?
4. Of hoe kan jy vir jou broer sê: 'Wag, laat ek die splinter uit jou oog uithaal,' en intussen is daar 'n balk in jou eie oog?
5. Huigelaar! Haal eers die balk uit jou eie oog uit, dan sal jy goed kan sien om die splinter uit jou broer se oog uit te haal.
6. Moenie wat heilig is, vir die honde gooi nie: hulle sal omspring en julle verskeur; en moenie julle pêrels voor die varke gooi nie: hulle sal dit met hulle pote vertrap.
7. Ek sê vir julle: Vra, en vir julle sal gegee word. Soek, en julle sal kry. Klop, en vir julle sal oopgemaak word.
8. Elkeen wat vra, ontvang, en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word.

WAT KAN 'n MENS DOEN AS DIE LEWE ONREGVERDIG IS?

Dit lyk of die hele lewe vol onregverdigheid is.
Hoe moet jy reageer as jou omstandighede onregverdig is?

Toe ek 'n kind was, was een van die goed waaroor ek die meeste gekla het, 'Dis nie regverdig nie!' Alles moes regverdig wees.

Toe ek gekla het oor iets in die gesin wat ek as onregverdig beskou het, het my vader my altyd herinner aan die veelgebruikte frase, 'Die lewe is nie regverdig nie.' Dan het hy vir my verduidelik dat as ek regverdigheid verwag het deur my hele lewe ek baie teleurgesteld daarvan sou afkom, want dit sou eenvoudig nie gebeur nie.

Natuurlik was dit nie vir my lekker om dit te hoor nie, maar soos ek grootgeword het, het ek gesien dat onregverdige, moeilike en onverdiende gebeurtenisse in elkeen se lewe voorkom.

Nogtans pla onregverdige behandeling my nog steeds - veral as ek sien dat dit met opset teenoor niksvermoendende mense gepleeg word. Miskien deel jy 'n soortgelyke reaksie wanneer jy agterkom dat 'n gewetenlose mens onregverdige voordeel getrek het uit iets of dat 'n misdadiger ongestraf gebly het.

... verv. op bls. 3

Online Sunday Services in ECHO OF HIS CALL YouTube Channel
ENGLISH to HINDI & ENGLISH to TAMIL

Our Online Church Services are streamed from 10.00 A.M. every Sunday as two messages, English & Tamil and English & Hindi on YouTube through our Channel **Echo of His Call.** You are cordially welcome to join us any time, subscribe it and share them to others. This is a free service.

Pr. S. SAM SELVA RAJ

Lewens aangeraak deur onderrig...sedert 1969

ECHO OF HIS CALL - 2019 - GOLDEN JUBILEE YEAR

(ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS MAANDBLAD)



"Those who sow in tear shall reap in joy"

(Psalm 126:5).

Wat 'n groot vreugde is dit nie om julle weer te ontmoet deur hierdie nuusbrief ECHO OF HIS CALL! Ons groet julle in die dierbare Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus!!

Die hele wêreld verkeer onder groot stres en baie is nog ingeperk. Baie van ons het hulle inkomste verloor en party van ons het ons gesondheid verloor en van ons geliefdes. Die Woord van God verklaar nog steeds, "Laat alles wat asem haal, die Here prys! (Psalm 150:6).

Die Here God het in sy genade ons in staat gestel om hierdie buusbrief elke maand te publiseer ten spyte van groot en onuitspreeklike hindernisse op verskillende gebiede. Slegs deur die soewereine genade van God het hierdie inspanning gematerialiseer. Alle eer aan God!

Ons is so dankbaar teenoor ons mederedakteurs, rekenaarpersoneel, proeflesers, kantoorpersoneel en die amptenare van die Poskantoor vir hulle opregte medewerking en harde werk om hierdie kopie van die nuusbrief in julle hande te kan plaas. Hulle verdien werklik ons liefde en waardering. Mag God hulle op 'n bonatuurlike manier seën.

Dit is nou die tyd vir Christene om in die bres te staan tussen God en die mense van die hele wêreld. Ons moenie ons gebede beperk tot ons eie belange nie. Ons moet druk op die Here uitoefen om 'n ongeëwenaarde herlewing na die wêreld te stuur wat die verkeerde opvattings oor die Lewende God sal wegvee en hulle na die lig en reddende kennis van God sal bring.

Selfs gedurende hierdie tyd van pandemie en hongersnood, stuur sommige van ons lede in opregtiheid hulle liefdegawes en tiendes vir ons sendingwerk en die kerke. Dit moet werklik grootliks waardeer word. Ons seën hulle uit die huis van die Here (Psalm 36:8).

God sê: Kom nader na My en hoor dit: Ek het van die begin af nie in die geheim gespreek nie en van altyd af was Ek daar. En nou het die Here GOD en sy Gees My gestuur. So sê die HERE, jou Verlosser, die Heilige van Israel: "Ek is die Here jou God wat jou onderrig tot jou beswil, wat jou lei op die pad waarop jy moet gaan. As jy maar aan my gebooie gehoorsaam was, sou daar voorspoed en redding vir jou gekom het, so onkeerbaar soos 'n rivier, soos die golwe van die see. Jou nageslag sou so baie gewees het soos sand, jou afstammelinge so volop soos sandkorrels, en Ek sou toegesien het dat hulle nie vernietig en uitgeroei word nie" (Jesaja 48:16-19). Dus, God sal groot dinge vir jou doen in die dae wat kom.

Soos julle weet, hou ons ons aanlyn kerkdienste en stroom dit vanaf 10 vm. elke Sondag as twee boodskappe, Engels & Tamil, en Engels & Hindi op YouTube deur ons kanaal **Echo of His Call.** Julle is hartlik welkom om

CHIEF EDITORS
Pastor S. Sam Selva Raj
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th.,M.Div.

ADMINISTRATION
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager

EDITORIAL BOARD
Sis. Jesy Veena Sam
Bro. M. Paulraj, M.A., B.Ed.
Sis. Serena Bevin, M.A., M. Phil., B.Ed.

ADVISORY BOARD
Adv. Jose Abraham
Adv. N. Balaji, B.Com., B.L.
Dr. S. Rabinder Boaz, M.S.
Er. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM)
Aud. K. Puratchivendan, M.Com., B.L.
Bro. Rajeswaran Samuel, B.Com.

PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+91-44) 2852 8282
2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98412 71858, 95661 31858
E-mail : sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
Websites :
www.echoofhiscall.org
www.echoofhiscall.com

enige tyd by ons aan te sluit. Dit is 'n gratis diens.

Bid asseblief vir ons. Julle is in ons gebede. Mag God julle seën.

Julle broer en dienaar in Christus Jesus,
S. SAM SELVA RAJ.

verv. van bls.1

Bowendien, hoe voel jy as jy verkul, of verraai word, as leuens oor jou vertel word of jou reputasie sommer beswadder word?

Omdat ons besef sulke optrede is basies verkeerd, is ons natuurlike menslike reaksie om ontsteld en beledig te voel. Ons mag reageer deur kwaad te word of bitter, en vergelding te soek.

Andersins mag ons dalk terugtrek in hartseer of depressie en 'n soort afsondering.

Is dit effektiewe maniere om onreg te hanteer of is daar meer konstruktiewe en produktiewe metodes? Wanneer die lewe vir ons groot moeilikheid bring of as mense ons onregverdig behandel, wat behoort ons te doen? Hoe kom ons oor die ontsteltenis en teleurstelling wat ons natuurlik sal voel?

'n MOEILIKE BEGIN IN DIE LEWE

Kyk na die storie van Anne Sullivan. Anne is gebore op 14 April 1866 in Feeding Hills, in Massachusetts, en haar jeug was vol teëspoed. Sy het nie slegs in groot armoede opgegroei nie, maar is ook fisies mishandel deur haar vader wat 'n alkoholis was. Op die ouderdom van vyf het sy tragoom gekry, 'n bakteriese infeksie van die oë. Die siekte is nooit behandel nie, met die gevolg dat sy byna blind geword het.

Toe Anne agt jaar oud was, is haar moeder, Alice Sullivan, oorlede aan tuberkulose. Twee jaar later het haar vader vir sowel Anne as haar broer James afgegee aan die staatshospitaal in Tewksbury, Massachusetts omdat hy dit nie kon regkry om die kinders alleen groot te maak nie.

Toestande in die inrigting was bedroewend. Daar was nie genoeg kos nie, dit was oorvol en bouvallig.

Gedurende haar verblyf van vier jaar in Tewksbury, het Anne twee operasies ondergaan wat nie haar gesig noemenswaardig verbeter het nie. Maar in Oktober 1880, toe Anne 14 geword het, is sy aanvaar in die Perkins Skool vir Blindes in Boston, Massachusetts.

OM DIE HINDERNISSE TE OORKOM

In die Perkins Skool het die situasie begin verbeter. Sy het bykomende behandeling vir haar oë ontvang wat haar sig soveel verbeter het dat sy vir kort rukkies kon lees. Gevolglik het sy ywerig op haar akademiese opleiding gekonsentreer. Anne het ook gebaretaal geleer om te kommunikeer met 'n vriendin wat sowel doof as blind was. Anne het so hard gestudeer dat sy die beste in haar klas was en gekies is om die afskeidswoord namens die leerlinge te spreek.

In haar afskeidstoespraak het sy haar klasmaats uitgedaag deur te sê: 'Medeafgestudeerdes, plig roep ons om uit te gaan in 'n aktiewe lewe. Laat ons opgeruimd, hoopvol en entoesiasties uitgaan en dit vir ons ten doel stel om ons spesiale rol te vind. Wanneer ons dit gevind het, laat ons dit gewillig en getrou uitvoer, want elke hindernis wat ons oorkom, elke sukses wat ons behaal, bring 'n mens nader aan God en maak die lewe meer soos Hy dit wil hê.'

Baie van die onderwysers en personeel by die Perkins Skool was beïndruk met Anne se positiewe houding, talente, intelligensie en deursettingsvermoë. So het dit gekom dat Anne aanvaar is deur die Keller gesin in Tuscumbia, Alabama as 'n tutor en mentor vir hulle blinde, dowe en stom dogter, Helen.

ONS KIES HOE ONS WIL REAGEER

Wat illustreer Anne Sullivan se verhaal vir ons? As ons dink aan die erge moeilikhede wat sy teengekom het in haar jeug, kon sy gefrustreerd, nors en haatdraend geraak het. Sy kon aanmekaar gekla het oor die onregverdigheid van haar jeug en die ontberings wat sy deurgemaak het.

Maar sy het nie. In plaas daarvan het Anne gekies om uit te styg bo haar omstandighede en elke geleentheid te gebruik om haar talente en moontlikhede te ontdek, ontwikkel en verbreed. Deur dit te doen, het sy toegeneem in emosionele volwassenheid en karakter.

Net soos Anne Sullivan doelbewus besluit het om haar agterstand op 'n konstruktiewe

manier te hanteer, het ek en jy keuses wanneer ons geraak word deur onbillikheid en onreg. Of ons nou 'n onlangse moeilike terugslag of 'n langtermynsituasie so erg soos Anne ondervind, ons kan kies hoe ons wil reageer.

Die Bybel gee voorbeelde van sulke keuses uit 'n wye perspektief.

JOSEF EN SY BROERS

Kom ons kyk kortliks na die verhaal van Josef. Dit begin toe Josef 'n negatiewe verslag na sy vader Jakob bring oor hoe sy broers hulle veetroppe oppas (Genesis 37:1-2). Josef se verslag het hulle ontstel. Boonop kon die broers sien dat hulle pa Josef voorgetrek het (Genesis 37:3). Hierdie onregverdigheid wat hulle waargeneem het, het gelei tot gevoelens van intense wrok by hulle.

Later droom Josef twee besondere drome waarin hy deur sy vader en sy broers geëer word. Die broers het aangeneem hy was besig om homself bo hulle te verhef, wat hulle net nog meer kwaad gemaak het (Genesis 37: 5-11).

Daarna het Jakob weer vir Josef gestuur om sy broers te gaan besoek. Teen hierdie tyd het hulle afkeer van Josef al so groot geword dat hulle begin oorweeg het om hom te vermoor (Genesis 37:18-20).

Die oudste, Ruben, het daarin geslaag om die ander vir 'n kort rukkie tot bedaring te bring (Genesis 37:21-24). Maar later, sonder dat Ruben daarvan geweet het, het hulle vir Josef verkoop aan Ismaelitiese handelaars wat daar verbygegaan het.

Om hulle gemeenheid te verberg, het hulle 'n bok geslag en Josef se kleed in sy bloed geweek, die bloedbevlekte kledingstuk na Jakob geneem om te wys dat 'n wilde dier vir Josef moes verskeur het. Jakob het bitterlik gehuil en geweier om getroos te word.

JOSEF SE REAKSIE

Gesien die onregverdige optrede wat hy verduur het, kon Josef bitter geword het en ure deurgebring het deur oor sy moeilikhede te tob, maar hy het nie.

In plaas daarvan het hy besluit om sy talente en enrgie te konsentreer daarop om sy beste te doen en op God te vertrou vir hulp in elke situasie. Later toe sy broers na Egipte toe gekom het waar Josef nou 'n hoë amptenaar was, het hy gekies om hulle met vriendelikheid, vrygewigheid en vergifnis te behandel. Hy het selfs aan hulle verduidelik dat God dit wat hulle gedoen het, uiteindelik gebruik het om baie lewens te red (Genesis 50:15-21).

Sy voorbeeld demonstreer dat 'n persoon se houding baie belangriker is as wat met hom gebeur.

God is heeltemal in staat om uiteindelik te vergoed vir onregverdige omstandighede. God waak oor hulle wat getrou en gehoorsaam aan Hom bly terwyl hulle onreg ly. 'Dit is genade as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy aan God getrou wil wees' (1 Petrus 2:19).

GOD LAAT ONREGVERDIGE OMSTANDIGHEDE EN GEBEURE TOE

In sy wysheid laat God soms onregverdige en selfs skandalige behandeling toe om sy getroue volgelinge te beproef (Psalm 119:75).

Die geloofshoofstuk, Hebreërs 11, beskryf hoe God se dienaars gely het:'Ander weer het bespotting en lyfstraf verduur, selfs boeie en gevangenskap. Gelowiges is met klippe doodgegooi, in stukke gesaag, met die swaard vermoor. Hulle het rondgeswerf in skaapvelle en in bokvelle. Hulle het gebrek gely, is verdruk en mishandel.'

Jesus Christus wat 'n volkome sondelose lewe gely het, het nie die genadelose behandeling verdien wat Hy ontvang het nie (Matteus 16:21). Wat was sy reaksie op hierdie aaklige onregverdigheid? Hy het gewilliglik sy omstandighede in sy Vader se regverdige en magtige hande gelaat. 'Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel' (1 Petrus 2:23). Inteendeel, Hy het gebid, 'Vader, vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie' (Lukas 23:34).

KYK VERDER AS DIE WÊRELD VAN VANDAG

Wat is God se boodskap? Dit is om op dieselfde manier te reageer as wat Christus gedoen het toe hy onregverdig gely het. Ons moet 'vrede met alle mense najaag' (Hebreërs 12:14). Jesus Christus het sy volgelinge gemaan om onreg met liefde en vergifnis te hanteer (Matteus 5:44-45).

Daar mag sekere gevalle

... verv. op bls. 6

GROOT OPDRAG-VENNOTE

OM TE DEEL (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

GEBEDSPUNTE

Vanaf 19 Oktober 2020 tot 18 November

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

GOD IS AAN DIE WERK!

SAKE OM GOD VOOR TE LOOF

Oktober 19: Die Here God het ons tot nou beskerm teen COVID-19.

Oktober 20: God het ons in genade gehelp om onbereikte areas binne te gaan met die Evangelie.

Oktober 21: Laat ons God prys vir al ons Koördineerders in die state.

Oktober 22: God het ons Evangeliese literatuur in 16 tale geseën wat op ons Drukpers gedruk is en na die sendingvelde gestuur is.

Oktober 23: Laat ons God loof vir ons medewerkers in ons Moederkerk.

Oktober 24: Laat ons God prys vir ons Gebedsvennote, subskripsievennote, Geloofsgenote en Groot Opdrag-vennote en hulle gesinslede.

Oktober 25: Laat ons God loof vir die gesondheid van ons liewe broer Manuel M. Paulraj, Mederedakteur.

Oktober 26: Laat ons God loof vir ons ondersteuners vir hulle gebede en ondersteuning.

Oktober 27: Laat ons God loof vir ons BYBELKOR se Korrespondensiekursus en Teologiese Korrespondensiekursusse.

Oktober 28: Laat ons God loof vir die beskerming van ons voertuie en bestuurders.

Oktober 29: Dank God vir die goedhartige geliefdes wat begin het met die ondersteuning van mense wat deur CORONA geraak is, en van ons dienswerk.

Oktober 30: God het ons aanlyn kerkdienste geseën.

Oktober 31: God het ons aanlyn klasse vir ons **St. Paul's Matriculation School** geseën.

November 01: God het al die aktiwiteite van ons **Echo of His Call** Bedieninge in die laaste maand geseën.

November 02: Ons Here beskerm steeds ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle bose magte.

November 03: Laat ons God prys vir sy genade om die verspreiding van die Corona viruskoors te stop.

SAKE OM GOD VOOR TE BID

November 04: Laat ons bid vir ons Engelse Mederedakteur, Br. M. Paulraj vir volkome genesing.

November 05: Laat ons bid vir ons Afrikaanse Mederedakteur, Sr. Marietjie Nelson en haar gesinslede.

November 06: Laat ons bid vir ons Engelse Mederedakteur, Br. M. Paulraj vir volkome genesing.

November 07: Laat ons bid vir ons Malayalam Mederedakteur, Ds. Benjamin Moses en sy gesin en assistente.

November 08: Laat ons bid vir ons Telugu Mederedakteur Pastoor N. Mohan Babu en sy gesin en assistente.

November 09: Laat ons bid vir ons Hindi Mederedakteur, Sr. Dorathy Thomas en haar gesinslede.

November 10: Laat ons bid vir ons Kannada Mederedakteur, Ds. R. Rama Krishna en sy gesin en assistente.

November 11: Laat ons bid vir ons Marathi Mederedakteur, Ds.Shashi Tiwari en sy gesin en assistente.

November 12: Laat ons bid vir ons Gujarati Mederedakteur, Br. Pankaj Wadia en vir sy gesin en assistente.

November 13: Laat ons bid vir ons Bengali Mederedakteur Ds. Anjan Kumar Singh en sy gesin en ook vir sy mederedakteur Br. Indrajit Roy en sy assistente.

November 14: Laat ons bid vir ons Odia Mederedakteur, Sr. Surama Samuel en haar gesin en assistente.

November 15: Laat ons bid vir ons Nepali Mederedakteur, Bhuban Prasad Devkota en sy gesin, veral vir sy vrou en assistente.

November 16: Laat ons bid vir ons Singalese Mederedakteur, Ds. Stephen Joseph en sy gesin en assistente.

November 17: Laat ons bid vir ons Assamese Mederedakteur Mev. Bornali Thapa Raj en haar gesin en assistente.

November 18: Laat ons bid vir ons Pandjabse Mederedakteurs Br. Ashish & Br. Vishwas Masih en hulle gesinslede en assistente.

verv. van bls.4

wees waar ons met waardigheid onsself kan verdedig teen onregverdige optrede. So het die apostel Paulus byvoorbeeld sy regte as 'n Romeinse burger gebruik om homself te beskerm teen mishandeling deur die militêre owerhede (Handelinge 22:25).

Wanneer ons 'n onenigheid met iemand moet hanteer, raai die Bybel ons aan om direk na daardie individu toe te gaan en op vreedsame en diplomatiese wyse die probleem met hom/haar te bespreek om 'n billike oplossing te bereik (Matteus 18:15-16; Galasiërs 6:1-2).

Paulus het ook erken dat bevredigende reg nie altyd sal geskied in hierdie tyd waarin ons leef nie (Galasiërs 1:4; Lukas 4:6). Deur verder as vandag te kyk, het hy geskryf: 'Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie' (Romeine 8:18).

DIE UITEINDELIKE ANTWOORD

Die realiteit is dat elkeen onregverdigheid ondervind. Dit was sekerlik waar vir Anne Sullivan, vir die jong Josef en veral vir Jesus Christus wat ontsaglike onreg verduur het (Hebreërs 12:2). Die sleutelbeginsel om te onthou, is hoe ons reageer op onregverdige behandeling.

Om te reageer op onregverdige situasies of optrede in woede, bitterheid en vergelding is nie die antwoord nie (Efesiërs 4:31-32). Eerder bring vertroue op God in geloof en gehoorsaamheid ware vrede in die gemoed en, mettertyd, toegang tot die ewige lewe. (Filippense 4:6-7; Matteus 19:17).

Die tyd kom wanneer Jesus Christus op aarde sal regeer (Openbaring 5:10; 11:15; 20:1-5). Wanneer daardie dag aanbreek, sal alle onreg, insluitende dié wat ons persoonlik ondervind het, aan die verre verlede behoort en eintlik vergete wees (Romeine 8:18, 35-39).

Dus, volgende keer wanneer jy voel jy is onregverdig behandel, sal jy waarskynlik reg wees. Wat behoort jy gevolglik te doen? Onthou baie mooi 'Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is' (Romeine 8:28). Laat ons altyd nadink en handel op hierdie vers wanneer die lewe onregverdig lyk of selfs so is!

****

Die krag van Gebed vir groei in die Kerk!

- David Yonggi Cho

Ek wil graag praat oor 'n baie belangrike faktor wat groei in die Kerk laat gebeur. Om groei in die Kerk te hê, moet ons ons voorberei om van die Here te ontvang. Kerkgroei gebeur nie sommer van nature nie. Die eerste vereiste vir kerkgroei is om massiewe gebed te hê.

Sonder gebed kan 'n mens nie eers droom van groei in die kerk nie. Baie mense probeer groei in die kerk te bewerkstellig met allerlei truuks, maar hullle slaag nie daarin nie. Groei in die kerk kom deur die krag van die Heilige Gees, en kerkgroei kan slegs verkry word deur baie gebed.

Ons is almal geskep deur God sodat ons lof en aanbidding aan die Here kan bring. Dienswerk vir die Here is die Here se eerste vereiste. Ons dink ons moet bid vir ons bedienings, ons gesinne en alle ander dinge, en dan ten slotte sal ons bid tot die Here. Dis 'n groot fout. Dienswerk vir die Here behoort voor enigiets anders in jou lewe te kom. Dit is waarvoor jy in hierdie wêreld geroep is.

God is almagtig en Hy het nie ons geselskap nodig nie, maar dis 'n verskriklike leuen. God is liefde en liefde het 'n grenslose verlange na gemeenskap. As jy lief is vir jou man of jou vrou, dan wil jy meer tyd saam deurbring, want liefde verlang gemeenskap. God het eindelose liefde vir jou, en Hy verlang na gemeenskap met jou. Hy het jou geskep vir sy behae en om diep omgang met jou te hê.

Openbaring 4:11, “Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep".

Die eerste verantwoordelikheid in jou lewe is om lof, aanbidding en gebedsgemeenskap aan die Here te bring. Baie mense sê vir my hulle het nie tyd om te bid nie omdat hulle te besig is. Gewoonlik het hierdie mense 500 of 1,000 mense in hulle kerke, en ek aanvaar nie hulle verskonings nie. Ek het meer as 700,000 mense, maar ek het nog steeds genoeg tyd om tot die Here te bid. Ek het soveel werk wat elke dag ophoop. Ek het 700 dominees onder my, 700 kantoorwerkers in ons geboue en in ons koerant, daar is 800 verslaggewers in Londen, Parys, Washington D.C., New York, Moskou en reg oor die wêreld, en ek moet daagliks beslissings neem vir al hierdie mense. Ek sal nooit, nooit aandag gee aan hierdie werk voordat ek genoeg tyd met ons Here Jesus Christus deurgebring het nie.

Ek neem tyd voor die Here en hou gemeenskap met Hom totdat ek bewus word van sy geregtigheid, vrede en blydskap; dan sal Hy sê “dit is genoeg vir vandag”. Hy vul my dan met sy wonderlike blydskap. Wanneer ek dan uit God se Teenwoordigheid kom, dan volg sy Teenwoordigheid my en kan ek met groot effektiwiteit en krag my dienswerk doen. 'n Mens kan nie regtig mense help met leë rituele nie. As jy aan mense se behoeftes voldoen met God se geregtigheid, vrede en vreugde, dan kan jy werklik aan hulle behoeftes voldoen. As jy dit net vir die skyn doen sonder die werklike krag van God, is dit eintlik bedrog. Dit is 'n aaklige, verskriklike bespotting. Dus, om 'n opregte dienaar van God te word, moet jy ten minste een uur per dag in gebed deurbring.

As 'n dominee is dit 'n skande om net een uur per dag in gebed deur te bring. Ek sê vir my dominees hulle moet meer as 3 ure per dag in gebed deurbring. Ek sê “selfs al kan julle nie besoek aflê nie, is ek tevrede daarmee”. As jy meer as 3 ure in gebed deurbring, en jy gaan dan uit na jou bediening onder die mense, dan kan jy in een uur meer bereik as wat jy in 10 ure kan doen sonder die krag van God. Tyd wat jy deurbring voor die Here sal jou opreg maak. Dis verkeerd om die hoeveelheid van ons werk te vergelyk met dié van ander. Voor God beteken kwantiteit nie veel nie, maar egte kwaliteit beteken baie. Toe ek jonk was, het ek dit geniet om die groei in my kerk te vergelyk met ander kerke, maar nou doen ek dit nooit nie. Ek kan miskien 1,000,000 mense in my kerk hê, maar as ek 'n vlak verhouding as Christen met God het, beteken dit niks. Hoe meer tyd jy deurbring in die geestelike atmosfeer, hoe meer van die Heilige Gees sal jy ondervind in jou bediening. Jy sal nie in die krag van die vlees werk nie, maar in die krag van die Heilige Gees. Toe ek 'n jong prediker was, het ek gedink krag kom uit die volume van my stem. Ek was altyd hees omdat ek so hard geskree het. Ek het geskree op Sondag, by vroeë oggend bidure, en deurnag gebedsbyeenkomste, maar nou besef ek dat ek baie van die vlees gebruik gemaak het.

As jy werklik in die krag van God is, het jy nie nodig om so te bulder nie. As jy die volheid van God in jou hart het, het jy geweldige vrede, kalmte en vertroue. Meer mense sal gered en genees word wanneer jy tyd spandeer met die Here, en jy jou dienswerk doen in die groot krag van die Heilige Gees.

****

Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

Ons bankbesonderhede:

ABSA BANK : Echo of His Call Missions
BANKKODE: 334515 REKENINGNO: 905 129 1908
TAK: JEFFREYSBAAI KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit
Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554
e-pos: miemie60@telkomsa.net
Address :
SIS. ELBINA SMITH
DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST,
JEFFREYS BAY 6330.

Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer

Wonderful Testimony
Pr. Peter Rai

Ons groet julle in die Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus! Dit is Pastoor Peter Rai en sy gesin.

'n Paar weke gelede het ek skielik siek geword en is gediagnoseer met COVID-19. My toestand het versleg en ek moes suurstofondersteuning kry. Die dokters het al hoop opgegee op die dag van my opname en gesê dat ek net sou lewe solank ek suurstof kry. Ek kan nie onthou hoe hulle my van een hospitaal na 'n ander geskuif het nie en watter behandeling ek ontvang het nie. My vrou was ook siek en sy moes ook gehospitaliseer word. Ek is opgeneem in intensief in die waakeenheid. Elke dag het daar 2 of 3 mense in my saal gesterf en ek het in my hart gevoel dit was net 'n kwessie van tyd vir my beurt! Ek het geen kontak met my familie of met enigiemand gehad nie. Terwyl ek besig was om moed te verloor, het ek tot die Here God Jesus Christus gebid met groot geloof in Hom. God het begin om op wonderbaarlike wyse vir my en my gesin te werk.

Honderde mense was besig om vir ons te bid! Loof die Here! My vrou en dogter is oorstroom met oproepe en boodskappe wat ons voortdurend bemoedig het dat God in beheer is en dat God 'n plan vir ons het. Honderde mense was voortdurend besig om te bid en die Here het hulle gebede beantwoord. Baie mense wat ons voorheen glad nie geken het nie, het vir ons soos familie geword en in opregtheid met liefde vir ons gebid! God het in sy genade genesing geskenk aan my en my vrou. Loof die Here!

Terwyl dit 'n ramp kon geword het vir ons gesin, het ons Here dit verander in 'n getuienis van vreugde en dankbaarheid as gevolg van julle gebede en ondersteuning. Ons harte is gevul met liefde en dankbaarheid teenoor elkeen wat vir ons gebid het gedurende ons tyd van ellende.

God was vir ons buitengewoon genadig en goed!

Vandag is ons weer eens saam as 'n gesin! Ons is almal besig om mooi te herstel. Ons bring elke dag nederige dank aan God vir sy groot liefde teenoor ons!

Jesus Christus is dieselfde gister, vandag en vir ewig!

****

PSALM 105:1-5

1. Loof die Here! Roep Hom aan! Maak aan die nasies bekend wat Hy gedoen het.
2. Sing liedere, sing tot sy eer, vertel van al sy magtige dade.
3. Roem sy heilige Naam, laat dié wat die teenwoordigheid van die Here soek, bly wees.
4. Soek hulp en beskerming by die Here, soek gedurig sy teenwoordigheid.
5. Julle moet dink aan die magtige dade wat Hy gedoen het, aan sy wonders, aan die reddingsdade op sy bevel.

Bid asb. vir

BYBELKOR INDIË

Indië is die tweede grootste demokratiese land in die wêreld met 'n bevolking van 1, 25 miljard mense. In hierdie totale bevolking is daar slegs 2% Christene en 98% van die mense het nog nooit die evangelie van Jesus Christus in hul lewens gehoor nie. 600 000 dorpies moet nog met die evangelie van Jesus Christus bereik word deur middel van literatuur, in besonder Bybel Korrespondensiekursusse in Engels, Hindi en Tamil. Ons versprei die Bybelkursus getiteld 'New Life - For You!' gratis. Die kandidate wat die kursus voltooi, ontvang 'n sertifikaat en hulle word voorgestel aan 'n plaaslike kerk. Indien daar nie 'n plaaslike kerk in hul area is nie, ontmoet ons sendelinge hulle en plant huiskerke in die area om om te sien na hul geestelike behoeftes. Bid asseblief vir die sukses van die bediening en die nodige fondse.

BIBLECOR INDIA
P.O. Box 2957, Chennai - 600 005, India
E-pos: biblecor@yahoo.co.in

PUT TOT PALEIS

(Lewenservaringe van Pastoor S. SAM SELVA RAJ.)

“ -wie dit lees, moet dit goed begryp- ” Matteus 24:15.

“….maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie”.

Gedurende my beginjare, in 1972 is ek deur die Gees van die Here aangespoor om ’n evangeliese veldtog te loods in ’n plek genaamd Saidapet in Tsjennai. Ons het ruim reklame gemaak deur muur-plakkate, pamflette, ens. om so mense uit te nooi na die veldtog. Ek self het, met die hulp van my medewerkers, probeer om soveel mense as moontlik daar te kry.

Baie gebed is uitsluitlik aan hierdie program gewy. Party van my mense het hulle musiek-instrumente en spesiale sangtekste saamgebring. Toe die veldtog moes begin, kon ons geen mense sien wat daarheen kom nie. Maar ons het lank gewag. Uiteindelik het twee broers opgedaag om die veldtog by te woon. Al my broers wat hard gewerk het vir die veldtog was baie treurig. Hulle het vir my gevra waarom God nie ons opregte gebede beantwoord het nie en ons harde werk erken het nie. Ek het vir hulle gesê God kon sy antwoord gee op sy eie manier. Ek het nie regtig hoop verloor nie. Ek het myself versterk in die Here my God (1 Samuel 30:6).

Nogtans het ek die diens gehou en ’n kragtige boodskap verkondig en een van die twee deelnemers het sy lewe aan die Here gegee en later het hy homself verbind om saam met my vir die Here te werk.

Nou het God my verhef om veldtogte toe te spreek waar duisende mense in Indië vergader en ook buite die land Indië. God se naam is verheerlik. Hiervoor moes ek verskeie jare wag met baie geduld en geloof.

Liewe broers en susters, seil jy tans in ’n boot van mislukking? Dink jy al jou harde werk en vastende gebede lewer geen vrugte op nie? Somtyds is God stil wanneer ons baie aktief is en groot en onmiddellike verwagtings het, om ons geloof in Hom en ons geduld te toets.

“sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan … en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus” 1 Petrus 1:7.

Mag God julle seën.

****

Bid asseblief

TEOLOGIESE KORRESPONDENSIE- KURSUS

Doen **‘n** Kursus oor die Pos in Teologie in Engels en Tamil en word **‘n** geestelike dienaar binne **‘n** paar weke! Sertifikaat in Bediening

Vir besonderhede: Die Sekretaris

Theological Correspondence Course,

Echo of His Call,

10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.

PHONE: (044) 2852 8282, 2852 9293, Cell: 98410 71852.

E-mail : biblecor@yahoo.co.in / sam@echoofhiscall.org

'n Vriendelike Versoek

Soos julle almal weet, sukkel ons om te voorsien in verskeie behoeftes, soos die personeel se salarisse, uitgawes vir die aankoop van papier en ook reisuitgawes. Gewoonlik vra ons nie mense om ons te help met ons finansiële behoeftes nie. Maar ons versoek diegene wat waarlik lief is vir hierdie bediening om julle offergawes te stuur deur Phone Pay, NEFT of enige ander manier en ons bediening te ondersteun. Die Here sal julle sekerlik seën. Vir besonderhede, bel +91 9841071858.

Redakteur,
Echo of His Call.

RNI TC NO. TNAFR/2007/21215, Postal Regn. No. TN/CH/(C)/127/19-21

ECHO OF HIS CALL

Maandelikse tydskrif in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Veldtogte, Seminare, Sosiale dienste, ens.

Jaarlikse intekengeld: Rs. 100/-

Lewenslange intekengeld: Rs. 2000/-

Die uiteenlopende aktiwiteite van **Echo of His Call Bediening** word ondersteun deur vrywillige offergawes en donasies van kinders van God soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en sy aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die Evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en kerke te plant.

As jy graag die **ECHO OF HIS CALL** tydskrif gereeld wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jou pos- of e-pos-adres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

Echo of His Call is ook in 16 tale beskikbaar op ons webblaaie. Jy kan dit lees deur op die blad in te gaan sowel as deur dit af te laai, en so geseën word.

Jou briewe, gebedsversoeke en jou finansiële steun (deur debietorders, tjeks, ens.) kan gestuur word na **ECHO OF HIS CALL** by die adres hieronder.

Stuur asseblief jou landlynnommer / selfoonnommer en e-posadres vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2nd STREET,
CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766,
Cell: (+91) 98410 71852, 95661 31858
E-pos: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Webblaaie: www.echoofhiscall.org / www.echoofhiscall.com

JY KAN OOK JOU DONASIES AANLYN STUUR

BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKWARTIER

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. Bybelkor BybelKorrespondensiekursusse: Engels, Tamil en Hindi
3. ECHO OF HIS CALL - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges (Twee sentrums)
5. Teologiese Korrespondensiekursus in Engels en Tamil
6. Groot-Opdragvennote
7. Opleidingsprogramme
8. Filmbediening en Veldtogte
9. Literatuurbediening en opvolg
10. Evangeliese Drukpers Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village Engelse Hoërskool
12. Sondagskool : 8.30 vm. & 4.00 vm. Sondag
13. **Tamil dienste : 5.30 vm. 7.00 vm. & 10.00 vm. Sondag**
14. **Malayalam diens : 3.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 4.00 nm. Sondag**
16. **Hindi diens : 5.00 nm. Sondag**
17. **Engelse en Tamil dienste : 6.00 nm. Sondag**
18. Traktaatjieverspreiding : 2.30 nm. Sondag
19. Berading deur Pastore : 4.00 nm. Sondag
20. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
21. Midweek Aanbiddingsdiens : 6.30 nm. Woensdag
22. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
23. Saterdagdiens : 5.00 nm. Saterdag
24. Werkersvergadering : 6.00 nm. Saterdag
25. Huisvergaderings : 6.30 nm.Dinsdag & Donderdag
26. Spesiale heilige Nagmaal : 5.30 vm. 1ste dag van die maand
27. Ouers se gebedsbyeenkoms : 4.00 nm.Eerste Sondag
29. Nagtelike gebedsbyeenkoms : 9:30 nm. Eerste Vrydag
28. Vastende gebed : 9.30 vm. Tweede Saterdag
30. Heilige Nagmaal : Tweede Sondag dienste
31. Oggendgodsdiens : 5.00 vm. daagliks
32. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
33. Kantoor : 9:00 vm. tot 9:00 nm. (behalwe Sondae)

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/19-21
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel" on 5th OCTOBER 2020
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957,
Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

JESUS HET JOU LIEF!

Aan

GOD SEËN JOU!

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from Old No.18, New No. 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by him at **Echo of His Call Printers** Old No. 18, New No.10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**